Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 9 Kaapstad, Woensdag, 15 Maart 1950 Prys 3d. No. 17

# BRITTE KOM STALIN TE HULP IN SY WERKLOOSHEIDSBELEID

**Ten spyte van die rooi skaduwee wat oor Europa, en meer in besonder Duitsland, val deur die volhardende Russiese pogings om Wes-Duitsland se welwillendheid te wen vir 'n verenigde Duitsland onder Russiese „beskerming", gaan die Britse regering nog steeds voort om die Duitsers tot vyandskap te prikkel deur fabrieke af te takel. Afgesien van die sielkundige uitwerking, beteken elke fabriek wat afgebreek word, 'n paar duisend meer werkloses sodat ons die posisie het dat terwyl Rusland werkloosheid in die hand werk deur soveel Duitsers as moontlik in die Ooste te laat „vlug" na die Weste, die Britte hierdie getalle van hul kant laat aanswel deur aftakeling van werkverskaffingsbronne in die Weste.**

**Op die oomblik word deur die Britse verteenwoordiging gedreig om toegewings te herroep omdat Duitse werkers verlede week in opstand gekom het teen die aftakeling van 'n staalfabriek. Britse offisiere is deur hulle aangerand en kantore en tenks is onder die klippe gesteek.**

**Dat hierdie werkloses in hul verbittering en wanhoop soveel Kommunistiese agente gaan word, hinder die prul-bewind in Brittanje blykbaar veel minder as die vrees vir Duitse ekonomiese mededinging.**

# ROOI BEDREIGING VERG ONMIDDELLIKE OPTREDE

**Waarnemers van die wêreldtoestand is dit eens dat Rusland besig is om stap vir stap die hele vasteland van Asië en uiteindelik ook Europa in te palm, en dat dit vandag reeds onmoontlik vir die Westerse lande is om hierdie gebeurlikheid te voorkom. Die hoopvolste vooruitsig is dat Rusland uiteindelik na 'n harde stryd van minstens 'n paar jaar darem weer teruggedryf sal kan word. In so 'n stryd sal daar uiteraard op groot skaal gebruik gemaak word van atoomwapens.**

**Waarnemers is dit net so eens dat in hierdie kolossale botsing dit vir die Weste lewensnoodsaaklik is dat die Afrikaanse vasteland van Russiese beheer gevrywaar moet bly, veral weens die natuurlike rykdomme van hierdie vasteland, wat onder meer ook insluit ryk neerslae van uraan of atoomstof. Totsover was die Belgiese Kongo die vernaamste leweransier van hierdie kosbare stof. Dit is daarom te begrype dat Rusland sy hele vyfde kolonner-mag inspan om die hele Afrika in te palm of ten minste vir die huidige lam te lê en dat hy reeds hard besig is om op die Belgiese Kongo te konsentreer, en wel van uit Pretoria as hoofkwartier.**

Die Westerse lande is aangewese op die Katanga-myne in die suidelike hooglande van die Belgiese Kongo vir die onontbeerlike uraan waarvan die atoombom vervaardig moet word en wat die waterstofbom moet laat ontplof. Derhalwe het hierdie afgeleë landstreek in Afrika die middelpunt geword van die grootmoondhede se belangstelling.

Sedert 1944 het die Verenigde State van Amerika bykans die hele voorraad uraan wat daar gemyn is in ontvangs geneem, aangesien die ander Westerse lande die vervaardiging van atoombomme en nou weer van die waterstofbomme aan die V.S.A oorgelaat het.

Dit is verstaanbaar dat Rusland in die Katanga-myne 'n sinistere belangstelling openbaar. **Hierdie belangstelling het, volgens 'n kenner van die toestand daar, praktiese beslag gekry in agitasie onder, eerstens, die inboorlingmynwerkers, en tweedens onder die inboorlingstamme as sodanig.**

Hierdie opstokery word onder meer deurgevoer met behulp van gewillige inboorlinge, wat eers vooraf in Rusland as agitators opgelei is.

### HOËR LONE

**Hierdie agitators eis hoër lone vir die mynwerkers en politieke regte vir alle inboorlinge. Voorts moedig hulle stakings en opstand aan deur wyd en syd te verkondig dat Rusland eersdaags die inboorlinge sal bevry en die gebied sal omskep in 'n paradys van vryheid en oorvloed.**

Die Russies oogmerk is om die uraanproduksie van die myne te belemmer sodat die Westerse voorrade, so nie afgesny nie, dan minstens drasties ingekort kan word. **Onlangs het 'n amptenaar van die Belgiese geheime diens verklaar dat die Russiese bedrywighede in die Belgiese Kongo vanuit die Russies konsulaat in Pretoria gelei word.**

### ONRUSBAREND

Blykens feite wat reeds bekend gemaak is oor kommunistiese en Russiese bedrywighede in Midde- en Suid-Afrika is die toestand onrusbarend. **Drastiese en doeltreffende optrede teen die Kommuniste mag nie langer uitgestel word nie. Die Unie-regering behoort, ten aansien van optrede in Suid-Afrika 'n voorbeeld te stel aan die regerings van die ander Afrikaanse gebiede. Waarom nie 'n Afrika-Konferensie om planne te beraam en optrede te ko-ordineer om die Kommunisme uit Afrika te hou nie? Die Unieregering behoort die inisiatief te neem ten aansien van 'n sodanige of beter plan.**

### KONSULAAT

**Maar afgesien daarvan lê dit voor die hand dat die regering moet begin met die opruiming van die Kommuniste in sy eie gebied, en wel deur in die eerste plaas die Russiese konsulaat in die pad te steek. Daar is genoeg beskikbare getuienis wat aantoon hoe Rusland sy diplomatieke regte misbruik vir spioenasie en onrusstokery.**

**Suid-Afrika is soos 'n pasiënt wat besmet is met 'n dodelike kiem wat by die minuut vermenigvuldig. Maar daar word getalm om die geneesmiddel toe te pas.**

## L.V. Bepleit Volkseenheid

**„Suid-Afrika se grootste vraagstuk is nie die kleurvraagstuk nie, maar wel volkseenheid. Deur die volkseenheid kan die kleurvraagstuk opgelos word," het mnr. W. C. du Plessis L.V. verlede Saterdagaand op Bellville gesê. Die Burger berig dat mnr. Du Plessis voorts gesê het „dat hy volgens sy eie oortuiging praat."**

Lede van die O.B. stem volkome saam met mnr. Du Plessis oor die blangrikheid van volkseenheid.

Solank die volk deur die partystelsel verdeel word en teen mekaar veg, bly die probleme w.o. die kleurvraagstuk onopgelos. Wanneer die partystelsel afgeskaf word en die volk sy organiese eenheid terugvind, veg die volk as eenheid teen probleme wat dan opgelos kan word.

## TIRANNIE VAN GROOT PARTYE

Die Liberale Party van Brittanje gaan die Parlement versoek om die Britse kiesstelsel te hervorm. Die Hoofbestuur van die Party het besluit dat die verandering van die kiesstelsel noodsaaklik is vir die voortsetting van die demokrasie **op 'n tydstip waarin alle onafhanklike mening deur die druk van die groot partye vernietig word.**

# *STRENGE OPTREDE NODIG TEEN KOMMUNISTE*

**'n Pleidooi dat die regering die Kommuniste en die Russiese diplomatieke korps kort moet vat soos Chili gedoen het wat met dieselfde opstoking te doen gehad het as dié wat in die jongste tyd al meer in Johannesburg tot klipgooiery aanleiding gee, is vervat in 'n brief aan Die Transvaler. Die skrywer laat hom as volg uit:**

Slegs 'n paar weke voor die eerste klipgooiery deur naturelle in Johannesburg (u sal onthou dit was na aanleiding van verhoogde bustariewe verlede jaar) het die trems in Valparaiss en Santiago, Chili, Suid-Amerika, hul tariewe verhoog. Grootskaalse onrus en georganiseerde klipgooiery was die gevolg. **Die Chileense polisie het 'n aantal Kommunistiese leiers na 'n eiland verban, en ander opgesluit. Die amptelike verduideliking was dat die Kominform, volgens gebuite dokumente, opdrag gegee het aan sy takke om klipgooiery as middel van onrusstokery aan te moedig. Die gevolg was dat Chili sy diplomatieke betrekkings met Rusland verbreek het. Die Russiese afgesant het huis toe gegaan, die Kommunistiese Party is verbied en sedertdien is daar vrede in Chili.**

Dit is anders in Suid-Afrika Na die eerste klipgooiery het geen strenge maatreëls gevolg nie en dus het dit van kwaad tot erger gegaan. Sam Kahn en sy geesverwante hou „verslag"-vergaderings, die Russiese diplomate sit hul bedrywighede in vensterlose geheime kamers voort en die hele breintrust wat die naturelle van Johannesburg, Randfontein, Benoni en nou selfs Witsieshoek en Noord-Rhodesië, teen die blankes, en veral teen die Afrikaners, opstook, geniet beskerming kragtens die wet.

Die Nasionale regering verdien lof vir die beslistheid waarmee die swartkol in Johannes-

(Vervolg op bladsy 6 kolom 1)

# GESKIEDENIS EIS REKENSKAP

**In die Britse parlement het Clement Attlee probeer rekenskap gee waarom 'n oud-kommunis soos Klaus Fuchs in die binnekring van atoomnavorsing toegelaat is. Hy het gesê dat hy volle verantwoordelikheid dra vir die land se veiligheidsmaatreëls. Die veiligheidsdiens se verklaring is dat die enigste getuienis dat Fuchs 'n Kommunis was, dié van die Duitse Gestapo was. „Op daardie tyd het die Gestapo almal van Kommunisme beskuldig," aldus Attlee.**

**Wat die heer Attlee nagelaat het om sy volk aan te herinner was dat alle Kommuniste sedert Julie 1941 demokratiese helde in die oë van die Britse regering en sy pers geword het.** Daarom is Klaus Fuchs kort na Rusland se toetrede tot die oorlog uit die interneringskamp gehaal en verhef tot Britse onderdaanskap. **Die beweegredes vir hierdie toekenning van burgerskap tydens die oorlog, toe dit beleid was om eerder Duitsers van hul Britse burgerskap te beroof, sou seker nie op getuienis van die Duitse Gestapo berus het nie.**

Maar die volk vergeet gou, sê hulle in die partypolitiek, en diegene wat die Kommuniste tot 'n paar jaar gelede nog as bondgenote omhels het toe enige nasionalis in Europa en ook in ons land 'n „fascis" was wat afgemaai moes word, skud maklik hul verantwoordelikheid af op die kort geheue van die volk nou **dat die waarskuwings van die sogenaamde „fasciste" aaklig bewaarheid word.**

# Russe Beskik Al Oor Kosmiese Straalwapens

**Die Russe beskik nie net reeds oor die waterstofbom nie, maar ook oor ander geheime wapens waarmee lugaanvalle die hoof gebied kan word, volgens Intelligence Digest — die blad wat agt maande vooruit voorspel het wanneer Rusland sy eerste atoombom sou laat ontplof het.**

**Volgens die blad het die Russe daarin geslaag om 'n geheime wapen te ontwerp wat 'n soort kosmiese straal uitlaat wat binne 'n afstand van 15 myl die elektriese apparaat van enige motor met binnebrand-aksie buite werking kan stel.**

Hierdie inligting is egter nog nie aan die hand van ander getuienis getoets nie, soos die blad se beleid is om te doen.

As dit juis is, beteken dit dat indien Amerika in geval van oorlog langafstandvliegtuie oor die Sowjet sou stuur om sy wyd verspreide fabrieke wat atoomwapens of ander oorlogstuig vervaardig, op te ruim, hulle teen batterye van kosmiese strale sal vasvlie wat hulle dadelik na benede sal laat stort. **Oral in die land word sulke batterye aangebring en dit sal die taak van vegvliegtuie wees om aanvallende bomwerpers binne bereik van hierdie batterye te dryf.**

### ATOOM-TERREIN

Die blad verklaar dat een van die belangrikste produksie-sentrums van atoomwapens êrens in Siberië is. Die plek is geheel en al ontoeganklik oor land, en waarskynlik net 'n paar van die hoogste vertrouelinge in die Russiese regering weet waar dit is. Selfs die werkers het maar 'n vae begrip van hul omgewing, en word ook nie toegelaat om ooit weer daarvandaan terug te keer nie. Die plek kan slegs deur middel van lugvervoer bereik word en word onder meer verdedig deur 'n battery van 48 van die geheime kosmiese wapens. Die naaste pad daaraan is 185 myl Suid. Die geheime spioene van Intelligence Digest meen egter dat hulle in staat is om min of meer die plek op die kaart aan te dui as liggende tussen 103-104 lengtegraad, oos, en 65-66 breedtegraad, noord.

DIE O.B., WOENSDAG, 15 MAART 1950

# VERDEELDE PERSONE: DIE GENEESMIDDEL

„Die verdeelde persoonlikheid wat die Kommunisme skep, is een van die belangrikste gevare wat die liberalistiese demokrasieë te vrees het, en om dit te bekamp is sowel 'n moeilike as ingewikkelde saak. Om diegene wat die Kommunisme voorstaan, fisies te onderdruk, soos Hitler diegene onderdruk het wat hom teengestaan het en soos Rusland vandag demokratiese vryhede van spraak en uitdrukking en omgang onderdruk, sal 'n miskenning wees van die fundamentele beginsels van die liberalistiese demokrasie. Die langtermyn-antwoord lê in opvoeding en die politieke verstand en rypheid wat uit opvoeding spruit. Maar ongelukkig sal die tyd nie wag nie; wat nodig is, is 'n spoedige antwoord **en die demokrasie mag dit moeilik vind om een te kry."**

In hierdie trant worstel die Cape Times met die beginsels van die liberalistiese demokrasie **wat tegelyk die voorwerp van vernietiging en die aanvalsbasis van die Kommunisme is** — 'n teenstrydigheid wat nie net die genoemde blad kwel nie, maar ook die Kommuniste amuseer, soos blyk uit die boek van Igor Gouzenko, die Russiese syferklerk wat die spioenasie-ring in Kanada geopenbaar het. Hy verklaar dat dit vir hom as Kommunis in die gesantskap altyd 'n onverstaanbare ding was dat mense wat die seëninge van demokratiese vryhede geniet, daardie vryhede kan gebruik in hul ywer om dit te vervang deur 'n stelsel soos die bolsjewistiese wat geen persoonlike vryheid duld nie.

Die wanhoop aan 'n liberalisties-demokratiese oplossing vir die vraagstuk is heeltemal verstaanbaar. **Langs daardie weg is daar inderdaad geen oplossing nie om die eenvoudige rede dat hierdie lewensopvatting juis die voorwaardes skep vir die ontkieming van die Moskouse evangelie. Hierdie opvatting huldig die wet van die oerwoud — dit glo aan die vryheid van sowel die skaap as die wolf. Dit gooi die lewe oop as 'n terrein van mededinging tussen „vrye individue". Die gevolge van hierdie „vrye mededinging" kan vandag in elke groot stad gesien word met sy agterbuurtes aan die een kant as getuie van die verloorders, en die paleis-woonbuurtes aan die ander kant as getuie van die wenners van die mededinging.**

### KLAS VERVANG VOLK

Maar net soos in die vrye oerwoud die onbeskermde wild geleer het om 'n kring te vorm teen die wolf, so het ook die verloorders van die vrye mededinging geleer om hulself te organiseer op 'n grondslag van klassestryd binne die eie volk, **en daarmee is die fondament gelê vir die Kremlin om te verrys. Dit was maar een stap verder om op die rooi vlag, wat tot die aanval moes wek, die hamer en die sekel aan te bring.**

En teen hierdie rooi aanslag sit die liberalistiese demokrasie nou hulpeloos. Hy het geen raad nie, want slaan hy terug, dan verloën hy sy eie beginsels. Op politieke gebied handhaaf hy ook die vryheid wat hy op die ekonomiese terrein verkondig. Jy kan 'n teenstander met leuens en bedrog uitskakel, maar net nie met behulp van georganiseerde staatsgesag nie. En daarom is daar plek ook vir 'n Kommunistiese Party wat saam met die ander vryelik meeding om beheer van die staatsgesag.

**Die geskiedenis het dan ook reeds bewys dat waar dit in Rusland 'n bloedige revolusie gekos het om die Kommunisme aan bewind te bring, dit in die liberalisties-demokratiese wêreld van die Weste 'n vreedsame verowering was veral deur middel van die Britse parlementêre demokrasie.** Spanje het langs hierdie vreedsame weg geval en kon slegs met militêre geweld gered word — en oor daardie metode van redding is die liberalistiese demokrasieë nog steeds so kwaad vir die redder Franco dat hulle sy regering nie wil erken nie, hoewel hulle baie gou is om Kommunistiese bewinde te erken.

### TELEURGESTELDE NAYWER

Selfs Winston Churchill het erken dat slegs die opkoms van Mussolini se fascisme Italië van 'n vreedsame verowering deur die Kommunisme gered het, net soos die opkoms van Hitler se nasionaal-sosialisme Duitsland van so 'n vreedsame verowering gered het. **Maar albei hierdie nasionale reaksies teen die Kommunisme was vir die liberalistiese demokrate 'n veel groter steen van aanstoot as die Kommunisme self.** Dit kan wees dat die liberalisme hom nader verwant voel aan daardie deel van die Kommunistiese leer wat natuurlike bande soos dié van volk en huisgesin verwerp. Maar dit kan ook wees dat ons hier te doen het met die verskynsel van teleurgestelde naywer—daardie element wat 'n familietwis soveel skerper maak as 'n twis met vreemdes en wat 'n burgeroorlog so veel bitterder maak as 'n oorlog teen 'n vreemde agressor. **Die liberalistiese demokrasie voel verbitterd omdat hy sy eie tekortkominge besef in sy stryd teen die Kommunisme — besef dat sy eie beginsels die ope poorte is waardeur die rooi Trojaanse perd binnery.** En wanneer 'n ander demokratiese opvatting, dié van die nasionale volksbeweging, die antwoord aan die Kommunisme bied, is hy meer jaloers op hierdie broer as vyandig teen die rooi aanvaller.

**Maar hierdie naywerige miskenning verander niks aan die waarheid nie, naamlik dat die Kommunisme politiek alleen bekamp kan word deur middel van die volksbewegings-**

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

**gedagte — daardie idee wat glo aan die GEHEELHEID en LOTSGEMEENSKAP van die volk in teenstelling met die klasse-idee van die liberalisme en sy erfgenaam, die Kommunisme.** Nie net fisiese onderdrukking nie — soos die Cape Times as alternatief veronderstel — **maar langs die afweer met beskikbare wetlike wapens ook die vervanging van die Kommunistiese teelaarde, die klassestryd, deur 'n bodem van volksgeheelheid.** Daarom sê die volksbeweging:

**„Verwyder alle bronne van volksverdeeldheid — en dus van „verdeelde persoonlikhede" — soos party-oorlog en klasse-oorlog en organiseer jou volk op die grondslag van natuurlike verskeidenheid, d.w.s. sorg vir 'n volksverteenwoordigende regering in plaas van 'n party-verteenwoordigende regering en verleen erkenning aan die georganiseerde beroepe as natuurlike organe binne die volk wat verantwoordelik is vir die welsyn van elke lid sowel as van die geheel.**

## *Naturelle-arbeid in Landbou (I)*

# PLATTELAND BESIG OM NIE-BLANK TE WORD

**Die vraagstukke wat gewoonlik met ons landboubedryf verbind word, is dié wat oorweënd die inkomste van die individuele boer bepaal en sluit in plante- en dieresiektes, die gevolge van droogtes, onbestendige pryse vir landbouprodukte en natuurlik die kroniese tekort aan goedkoop naturelle-arbeid. Nooit of baie selde word daaraan ook gedink dat die naturel as plaasarbeider op die peil van die blanke landbou 'n geweldige invloed uitoefen en dat die invloed nie altyd heilsaam is nie of dat in die blanke landbougebiede 'n groot deel van die rassestryd tussen blank en nie-blank hom vandag afspeel.**

Dit is reeds 'n welbekende feit dat die toenemende gebruikmaking van naturelle in die blanke landbou en sekondêre nywerhede die blanke meer en meer verplig om tevrede te wees met die rol en pligte van ondernemer en toesighouer. Die handhawing van 'n beleid van segregasie op apartheid word onder sulke omstandighede steeds bemoeilik, want ons beweeg met 'n sekere tred in die rigting van óf 'n kastestelsel óf 'n beleid van volle gelykstelling tussen die verskillende rasse. **Die eerste alternatief sal in hierdie eeu seker nie gehandhaaf kan word nie en die tweede beteken die geleidelike vernietiging van die blanke se identiteit en kultuur.**

Die rol wat die nie-blanke reeds in ons landbou speel en die verhouding van die verskillende rasse op die platteland kan seker nie beter bewys word nie as deur 'n tabulering van die betrokke sensusopgawes.

**Tabel I**

Verhouding tussen blanke en nie-blanke werkers in oorweënd blanke Landbougebied.

| Jaar | Blankes (M en V) | Naturelle (M en V) | Kleurlinge (M en V) | Asiate (M en V) | Alle nie-blanke |
|---|---|---|---|---|---|
| 1918 | 54621 | 358973 | 50797 | 23671 | 433441 |
| 1925 | 160685 | 435185 | 76792 | 16503 | 528480 |
| 1930 | 184811 | 475909 | 73613 | 14864 | 564386 |
| 1936 | 199638 | 587767 | 82059 | 17189 | 687015 |

**Tabel II**

Verdeling van Rasse in oorweënd blanke plattelandse gebiede.

| Jaar | Blankes | Naturelle | Kleurlinge | Asiate | Totaal nie-blankes |
|---|---|---|---|---|---|
| 1936 | 696471 | 2492650 | 354754 | 74095 | 2921499 |
| 1946 | 653352 | 2905380 | 388545 | 84766 | 3378691 |

Hierdie tabelle stel ons in staat om twee belangrike gevolgtrekkings te maak, nl.:

**(1) Die blanke landbouproduksie is byna geheel en al van die nie-blanke arbeid en toeskietlikheid afhanklik.**

**(2) Die blanke platteland word meer en meer 'n tuiste vir nie-blankes.**

En saam met hierdie statistiese gegewens moet ons die feit nie uit die oog verloor nie dat die vermeerderde getalle naturelle wat vandag op die platteland intrek geneem het, reeds vinnig besig is om groot veranderings in hulle ekonomiese en geesteslewe te ondergaan.

**Referaat deur dr. W. T. H. Beukes gelewer op die Sabra-jaarvergadering.**

### VERANDERING

Hulle het hulle stamwette, godsdiens, regstelsel en tradisionele ekonomiese lewe grotendeels al vaarwel gesê en is besig om hierdie leemtes in hulle geesteslewe uit die Westerse beskawing aan te vul. Baie boere verwelkom so 'n ontwikkeling want hulle meen dit beteken beter landbouwerkers vir hulle boerderye. **Wat hulle egter vergeet, is dat hierdie vereuropesing van die naturelle ook die proletarisering van dieselfde mense beteken, en dit weer bring mee eise van naturellekant om politieke en ekonomiese gelykstelling met die blankes en, indien dit gewyer word, vakbondbedrywighede en selfs 'n moontlike beroep op die Hamer en Sekel van Moskou.**

### VERLANG NOG MEER

Nieteenstaande die genoemde ontwikkelinge wat bevolkingsstatisties, biologies, polities en ekonomies vir die blanke groot gevare inhou, word daar nog steeds van boerekant gekla oor 'n toenemende en nypende tekort aan plaasarbeid. In 1937 het 'n parlementêre komitee van ondersoek oor plaasarbeid gewys op die netelige posisie wat vir die landbou as gevolg van kroniese tekorte aan arbeid ontstaan, en aanbeveel dat beter voorsiening vir die opleiding van naturelle vir plaaswerk gemaak moet word, beter onderwysgeleenthede vir hulle kinders verskaf, en beter behuising en diensvoorwaardes aangebied moet word. Op die jongste kongres van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie wat in Kaapstad gehou is, is die aandag van die owerheid opnuut gevestig op die steeds groeiende tekort aan plaasarbeid en daarop gewys hoeveel ekonomiese voordeel die landbou sou trek uit 'n beleid om die naturelle op plase 'n opleiding in landbou te verskaf.

(Vervolg op bladsy 4 kolom 3)

# Vryheidstrewe In Skotland Groei

**Die Skotse vryheidsbeweging is vinnig besig om veld te win — inderdaad het dit reeds so ver gevorder dat die politieke partye in die afgelope verkiesing deeglik rekening met hierdie Skotse begeerte moes hou.**

**Die leiers van die Skotse Verbond beraam planne om 'n versoekskrif na die Koning te stuur as hulle beroepe op die Britse regering om selfregering misluk. Hulle het reeds 1,000,000 handtekeninge bekom om hulle saak te steun.**

Op 'n vergadering in Edinburgh is daar besluit om die plan om kommissarisse aan te stel wat die regering kan raadpleeg, op die volgende vergadering op 15 April te oorweeg.

Die plan maak ook voorsiening daarvoor dat die regerings van die dominiums verwittig moet word van Skotland se begeerte om selfregering binne die raamwerk van die Verenigde Koninkryk te kry.

Die amptelike orgaan van Mosley se volksbeweging verklaar in 'n hoofartikel in verband hiermee dat die Arbeidersparty se beleid van nasionalisering van bedrywe wat tot 'n groot mate oorheersend in Skotland is, die Skotte tot hierdie vryheidsbeweging gedryf het.

Die beweging se houding teenoor die Skotse vryheidsbegeerte is dat hy dit erken en dat sy stelsel van nywerheidselfbestuur die Skotte ten goede sal kom ten opsigte van die steenkool- en skeepsboubedrywe. **Verder beywer die Union-beweging hom vir 'n verenigde Europa en hy glo dat die Skotte, wat nader aan sommige Europese volke verwant is as aan die Engelse, 'n selfstandige deel tot daardie Europese statebond kan bydra.** Hulle behoort hul eie verteenwoordigers te stuur na die Europese Raad en Algemene Vergadering in plaas van verteenwoordig te word deur diegene wat deur die Londense partykoukusse gekies word.

# Britse Konneksie Maak Swartmansland Van Tanganjika

**Die bekende Afrikaanse skrywer en jagter, mnr. A. A. Pienaar (Sangiro) het tydens 'n gesprek met 'n verteenwoordiger van Die Suid-Wester verklaar dat dit sy weloorwoë mening is dat die blankes in Tanganjika binne 30 jaar daaruit verdring sal wees weens die feit dat die gebied tans vir alle praktiese doeleindes 'n V.V.O.-kolonie is.**

Mnr. Pienaar wat pas uit Oos-Afrika teruggekeer het, het gesê dat hy in Tanganjika 'n gees onder die naturelle aangetref het wat hy 15 jaar gelede toe hy laas daar was, nie eers by uitsondering gevind het nie. Dit is dat die naturel in daardie gebied totaal geen respek vir die blanke het nie, hom nie eers groet nie en onderstebo sal loop as hy kan.

**Tanganjika se huidige moeilikhede is 'n erfenis van die gebied se konneksie met die Britse Empire. Na die tweede wêreldoorlog was die Britte ewe haastig om 'n mooi gebaar te maak teenoor die pasgestigte V.V.O. en die onoordeelkundige stap is toe gedoen om die gebied onder die voogdyskap van die V.V.O. te plaas. Vandag moet die blankes in Tanganjika die prys vir hierdie Britse dwaasheid betaal.**

### OOR EEN KAM

Die V.V.O. bied sy rekening aan in die vorm van die voorgestelde nuwe konstitusie vir die gebied. Dit beoog dat 'n sekere aantal lede van die Wetgewende Vergadering deur die rade van die verskillende provinsies gekies sal word. Elke provinsiale kieskollege sal een naturel en een nie-naturel (non-African) kies. Die naturel vorm hier die uitgangspunt. **Blankes, Arabiere en Asiate word as nie-naturelle geklassifiseer.** Die blankes vrees dus dat die nie-naturelle wat gekies sal word, Indiërs sal wees, omdat die getal Indiërs die aantal blankes ver oortref. Volgens die sensus van 1948 was daar in die gebied 16,000 blankes teenoor 46,000 Indiërs en 10,000 Arabiere. Die naturelle was 5½ miljoen. In al agt die provinsies is die Indiërs meer as die blankes, sodat daar 'n wesentlike gevaar is dat al sestien lede van die Wetgewende Vergadering nie-blankes sal wees. Daar sal nog 15 lede deur die goewerneur benoem word en die moontlikheid bestaan dat hulle al 15 amptenare sal wees.

### SWARTMANSLAND

**Wanneer die nuwe konstitusie wet word, sal Tanganjika vir alle praktiese doeleindes 'n swartmansland word.** Mnr. Pienaar meen dat dit 30 jaar sal duur om die blankes uit die land to dring. Dit mag selfs baie korter duur.

**Die stap van die Britse regering om Tanganjika—'n vroeëre Duitse kolonie—onder die voogdyskap van die V.V.O. te plaas, het ook Suid-Afrika in die verleentheid gebring. Want nou eis die V.V.O. ook voogdyskap oor Suidwes-Afrika—'n ander vroeëre Duitse Kolonie.**

# Konneksie—Nie Name Nie—Is Hoofsaak

**Die Kommando's van Rawsonville, Worcester en Robertson het Saterdag, 25 Feb., hul Vryheidsdagfunksie gehou op die plaas van mnr. H. de Wet aan die uitgang van Du Toitskloof. Die verrigtinge is gelei deur komdt. A. du Toit Botha, terwyl veldkt. Viljoen met Skriflesing en gebed voorgegaan het. Genl. Wollie Rabie, wat wyle genl. M. F. Smith opgevolg het, is namens die kommando's ook formeel verwelkom.**

Nadat die vuur deur die Boerejeug met fakkels aangesteek is, is 'n toespraak gehou deur die redakteur van Die O.B. wat veral beklemtoon het dat Suid-Afrika, los van die Britse Ryk, die leiding in Afrika moet neem met die oog op 'n uiteindelike Verenigde State van Afrika. Dit is belaglik, het spr. gesê, dat lande wat duisende myle van mekaar verwyder is, sogenaamde gemeenskaplike belange het met uitsluiting van lande vlak voor jou deur. Engeland se plek is by Europa in plaas van voortdurend sy dominiums oor die lengte en breedte van die aarde te versamel vir oorlog teen sy buurstate.

Spr. het ook gewaarsku teen 'n vervalsing van die republikeinse ideaal. **Wat ons wil hê is nie naamsveranderinge binne die Empire nie, maar 'n verbreking van die Britse konneksie en die vervanging van die Britse regeringstelsel deur ons eie Boerestelsel. „Dit is iets waarmee die huidige Nasionale regering reeds kan begin indien hulle dan nie kans sien om 'n republiek buite die Britse verband uit te roep nie," het spr. verklaar.**

# RHODESIESE PREMIER DREIG TEEN SEKERE MINDERHEID

**Duistere waarskuwings teen 'n minderheid in Suid-Rhodesië is verlede week deur die eerste minister, sir Godfrey Huggins, uitgespreek by geleentheid van die verwelkoming van die hoofrabbyn van die Britse Statebond, dr. Israel Brodie. Hy het die betrokke minderheid daarvan beskuldig dat hulle nie hul verpligtinge teenoor die aangenome vaderland nakom nie. „Hulle roem daarop dat hulle hul lewenswyse nog eendag op ons gaan toepas, en as hierdie bedrywighede om ons lewenswyse en ons erfenis te ondermyn, voortduur, sal ek nie aarsel om die parlement te vra vir die mag om hulle terug te stuur vanwaar hulle kom nie," het dit gelui.**

Die geleentheid wat die Rhodesiese eerste minister vir hierdie waarskuwing gekies het, skep verwarring wanneer dit in verband gebring word met die inhoud van sy toespraak. Die geleentheid sou naamlik veronderstel dat hy dit teen die Jode gehad het, maar die inhoud van sy toespraak maak dit moontlik vir ander minderhede om die skoen aan te trek.

Hy het verklaar dat net twee rasse aanleiding gee tot wrywing in 'n land, want een van die twee sal 'n minderheid moet wees. Amerika het die vraagstuk opgelos deur 'n samesmelting van 'n velerlei van volke. Hy het voortgegaan om verskillende oplossings te noem waarvan „assimilasie" een en die toelating van 'n minderheid om 'n meerderheid te word, 'n ander is. **Tot die laasgenoemde sal Rhodesië nooit toestem nie, en hulle bied die eerste oplossing aan.**

**Uit hierdie betoog wil dit lyk of die eerste minister dit eintlik teen 'n minderheid te doen het wat dalk 'n meerderheid kan word. Die Jode is nie so 'n minderheid nie. Maar waarom dan Joodse geselskap uitsoek om so 'n waarskuwing te rig aan die adres van die enigste ander minderheid wat hom die skoen kan aantrek—die Afrikaner?**

# Unie Lewer Helfte Van Immigrante

**Verlede jaar het daar 14,155 immigrante na Suid-Rhodesië gekom, van wie die meeste, naamlik 7,054, uit die Unie afkomstig is en 5,856 uit Brittanje.** Die Rhodesië Herald, die mondstuk van die Rhodesiese regering, is onrustig oor hierdie verskynsel en het in 'n hoofartikel gesê dat indien daar beperkings op immigrante geplaas moet word, 'n goeie saak uitgemaak kan word vir die beperking op immigrante uit ander gebiede in Afrika.

In Rhodesië is daar 'n groot vrees dat daarheen te veel Suid-Afrikaners sal immigreer en moontlik die balans van die bevolking kan versteur. Daar is twee weë oop vir die regering, naamlik om meer immigrante uit Brittanje te trek of die immigrasie uit die Unie stop te sit.

# Demokrasie Op Britse Patroon

**Die afmetings wat die „tirannie van die partysweep" kan aanneem, is verlede week gedemonstreer toe 'n lid gedwing is om teen sy oortuiging, nie vir sy eie party nie, dog vir sy teenparty te stem.**

Onder die parlementêre stelsel van „afparing"—daardie horreltjiereël van die partypolitici wat verhoed dat 'n regering weens afwesigheid van sy lede tot 'n skielike val gebring word—is mnr. W. D. Brink, H.N.P.-lid vir Christiana, saam met 'n afwesige V.P.-lid „afgepaar", wat wil sê dat hy ook moes maak dat hy wegkom van die parlement, of ten minste van 'n stemmery binne die parlement. **Maar hy het vergeet daarvan en toe die klok vir 'n stemmery lui, is hy deur die „swepe" aangesê om te skoert. Hy was egter te laat—die deur was reeds toe—en hy is aangesê om saam met die „opposisie" te stem teen die Spoorwegbegroting van sy eie party.**

# Australië Stamp Op Wipplank Van Partypolitiek

**Die verandering van partybewind in Australië 'n paar maande gelede bring mee 'n grootskaalse sloping van die werk van die vorige regering. Die nuwe regering was pas aan bewind toe aangekondig is dat die genasionaliseerde bedrywe weer „vry gemaak sal word." Soos ook in Die O.B. berig, het die woord „Britse onderdane" wat deur die vorige regering afgeskaf is, tans ook weer sy verskyning op paspoorte gemaak. Die jongste aankondiging lui dat die nuwe regering ook die kleurbeleid van die vorige bewind sloop.**

Die Arbeiderregering het 'n baie strenge blanke beleid vir Australië gevolg, veral ten opsigte van Asiate. Nie alleen is geen Asiate en Oos-Indiërs as immigrante toegelaat nie, maar sulke vreemdelinge wat reeds in die land was — meestal as oorlogsvlugtelinge — is teruggestuur. **Die nuwe regering het nou in etlike gevalle sulke terugsending-bevele herroep.**

Die vorige regering het ook 'n blanke arbeidsbeleid gevolg deur nie-blankes uit sekere bedrywe te weer. **Ook hierdie beleid word nou herroep en Indiërs is reeds toegelaat om aan te sluit by die pêrel-duikersvloot, terwyl die minister van die vloot besig is om inboorling-rekrute te werf vir 'n nie-blanke-afdeling van die vloot.**

### RY WIP

Waar twee uiterste teenstellings binne die volk in waterdig-georganiseerde partye mekaar beurtelings opvolg as regering in plaas dat die „uiterste sentrum" regeer, is dit vanselfsprekend dat daar geen voortsetting van volksbeleid kan wees nie. **Wat die een party vandag as regering oprig, is die ander een eergebonde om môre weer af te breek wanneer hy regeer. En so ry die volk stampend wip op die Britse parlementêre stelsel — vandag styg hy omhoog na 'n doel om môre weer terug te tuimel na waar hy begin het.**

**Die Ossewabrandwag wil hierdie wipryery van politieke partye op die belange en toekoms van die volk beëindig deur die Britse partystelsel te vervang deur 'n stelsel van volksregering soos ons dit in die Boererepublieke gehad het, waar almal vir die regering en die regering vir almal was.**

● **Hy wat in „Die O.B." adverteer is werd om ondersteun te word!**


**„Rembrandt word gemaak van eerste graadse tabak"**

sê

Mnr. R. F. FURSTENBURG

*vooraanstaande tabakboer van*

BUFFELSKRAAL,

P.K. KOEDOESKOP.



„As ou tabakboer weet ek Kwaliteit eerste. . . . Kwaliteit tel. Daarom rook ek Rembrandt omdat ek weet dit word van eerste graad kwaliteit tabak gefabriseer."

R. F. Furstenburg




Die Rembrandt-korporasie maak net EEN soort sigaret—die room van die oes gaan daarin. Die Rembrandt-naamtekening op elke sigaret is u waarborg van kwaliteit. Let daarop!

Rembrandt

ROOI VIR KURK WIT VIR FILTER GROEN VIR ONGEKURK

Kopiereg RBA 5

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks):** 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### GESERTIFISEERDE AUSTRALIESE BRUIN UIESAAD

**Vars Gesertifiseerde Australiese bruin Uiesaad** teen 9/-, Chantenay Wortelsaad 6/6, Detriot Beetsaad 5/6 per lb. Vra om volledige pryslys van **Premier Saadkwekers, Pk. Schoemanshoek.** 8/3/T.K.

**UIESAAD:** Goewerments-Gesertifiseerde Saad 1949/50-oes. Vroeë Kaapse Plat, Australiese Bruin, Silwer King, Kaapse Strooikleur, en Copper King Uiesaad teen 9/- per lb. Greenfeast Saaderte £6 10s. per 200 lb. sak. Chantenay Wortel, Detroit en Egiptiese Plat Beet 6&6 per lb. Skryf aan ons vir 'n volledige pryslys van groentesaad en plaassade. **Kango Saadkwekers, Posbus 107, Oudtshoorn.** 1/2/TK.

### GRYSHARE

**GRYSHARE,** skilfers, ou voorkoms, onnodig. Oortuig u self deur **GRYSHAARWONDER** die jongste kunsmatige wêreldwonder, haar en kopvel voedingsmiddel te gebruik, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling.—**Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. D/1/9/49

### MEDISYNE

**GESONDHEID** is u regmatige erfenis, oortuig u self deur ons behandelings te gebruik en u kwaal te ontwortel, skryf, inligting gratis, **Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. B/1/9/49

**Siektes en kwale verban!** Operasies vermy en gesondheid herstel. Waarom dan sal u langer ly? Skryf, meld besonderhede, raadpleeg **Die Boerevrou,** Bus 7559, Johannesburg. (Nr. 2) 1/9/49

### MARK AGENTE

**Kamerade! Aandag!**
Stuur al u produkte aan **U. S. Bellingan, Mark Agente, Uitenhage. Telegrafiese adres: „Blank S.A." Foon 1063.** As julle die dorp besoek kom gesels 'n bietjie. Dienswillig. 21/9/TK

### MEUBELS

**MEUBELS.—** Beter meubels teen billiker pryse Babawaentiies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. **—VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, Kaapstad. 3/12/11

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435

### SOUT

**SOUT** vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaai. Soutwerke tevredenheid gewaarborg. Adres: **Komdte. Mev. Martie Venter,** Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 19/1/TK

Nuwe seisoen sout in sterk sakke as volg:—
Spesiale sneeuwit 80/- per ton.
Sneeuwit No. 1 70/- per ton.
Wit No. 2 60/- per ton.
Wit No 3 50/- per ton.
Sneeuwit fyn tafel- en bottersout per 200 pd. 10/-; 100 pd. 5/-; 50 pd. 2/6. Vry gelaai soutwerke vir tevredenheid en dadelike aflewering, probeer:— **M. Fourie, Veldkornet, P/Sak No. x4, Arbeidsloon, Bloemfontein.**

### VRUGTEBOME

**Kleinberg Kwekery** bied aan:
Royal Appelkoosbome op Pruimwortel.
Beluda Appelkoosbome op Pruim- en Perskewortel,
D'Agen, Suiker pruimedante op pruimwortel,
Kakamas (Colins) taaipit op perskewotel.
Sterk gesonde bome gewaarborg.
Tree in verbinding, **Bus 16, Pos Breërivier.** 22/2/5B






**EKSTRA Beskerming!**

SANTAM SE „HUISBEWONERS-Polis" beskerm u Meubels en Huisinhoud nie net teen Brandskade nie maar ook nog teen skade deur—

- Inbraak
- Storm
- Water
- Aardbewing
- Onluste
- Ontploffings; ens.

Vir VOLLE BESKERMING—
**'n SANTAM „HUISBEWONERS-Polis"**

**SANTAM**

**SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.**

**Takke en Agentskappe Oral**

2808-8a


## EENSYDIGE RASSEHAAT

**Die Jewish Herald spreek van tyd tot tyd waarskuwings uit aan Jode wat na Duitsland wil gaan of hulle daar reeds bevind. Die blad meen dat anti-Joodsheid sy kop weer sal uitsteek sodra ekonomiese toestande verander. Dat die voorspelling van die blad alle kans het om bewaarheid te word ongeag ekonomiese veranderings, skyn baie seker te wees as gelet word op die toon wat die Joodse gemeenskap in Duitsland aanslaan.**

Die Joodse orgaan in Berlyn, Der Weg, het onlangs beswaar gemaak teen die betaling van pensioene aan oudsoldate in taal wat elke Duitser in die harnas moet jaag. „Terwyl geen die minste poging aangewend word om vergoeding aan die Duitse slagoffers van die Nazi-terreur te betaal nie, ontvang parasiete van die gemeenskap staatstoekennings van die Bonn-regering," het dit gelui.

**Taal soos hierdie teen 'n volk wat deur wetgewing verbied word om enigiets teen die Jode te sê, voorspel geen goed vir die toekoms nie. 'n Paar weke gelede nog is 'n Duitse politikus, Wolgang Hedler, voor 'n hof gedaag op aanklag van anti-Joodse uitlatings. Hy is nogtans vrygespreek, dog kort daarna is aangekondig dat die regering hom voor 'n denazifikasiehof gaan daag.**


MS 4029




**Rook SPRINGBOK Medium**

**DIE GELUKKIGE KEUSE**


# Churchill Wil Britse Stelsel Hervorm

## Meen Dis Nie Demokraties

**Winston Churchill, die leier van die Opposisie in die Britse parlement, het 'n pleidooi gelewer vir die hervorming van die parlementêre stelsel soos dit in Brittanje toegepas word — en terloops ook in Suid-Afrika. Churchill wil hê dat 'n parlementêre kommissie aangestel moet word om ondersoek in te stel en aanbevelings te doen ten aansien van die hervorming van die kiesstelsel. Hy het gesê dat daar 186 verteenwoordigers in die Laerhuis is wat verkies is deur 'n minderheid van die kiesers wat hulle stemme in die betrokke kiesafdelings uitgebring het.**

In Suid-Afrika is die Opposisie ewe-eens bitter ontevrede omdat die huidige regering die bewind verower het ten spyte van die feit dat 100,000 meer kiesers vir die Opposisieparty gestem het as vir die regerende partye.

Dit is oënskynlik nie demokraties nie. Churchill het voorgestel dat die lede van die kommissie van ondersoek verteenwoordigers in al drie partye sal insluit, maar dat die samestelling van die kommissie gebaseer sal wees op die totale stemme wat op die partye uitgebring is en nie op die totaal van die partye se verteenwoordigers in die parlement nie.

Dit is bekend dat die Britse Liberale Party proporsionele verteenwoordiging voorstaan. Dit beteken dat aan elke party soveel verteenwoordigers in die parlement toegeken word as wat voorgeskryf word deur die verhouding van die party se totale aantal stemme tot die groottotaal van uitgebragte stemme. **Dit is 'n stelsel wat in meeste vastelandse lande in swang is en dit word beskou as meer demokraties as die kiesstelsel wat tans in Brittanje toegepas word — en ook in Suid-Afrika.**

### TWEEPARTYSTELSEL

Die Britse kiesstelsel—wat ook in Suid-Afrika toegepas word — werk die tweepartystelsel in die hand. Dit beteken dat twee partye 'n monopolie verkry ten aansien van die landsbewind. Hulle wissel mekaar af as regering en opposisie. En hulle vertoon gewoonlik 'n verenigde front teen derde aanspraakmakers. **Die kieser se reg op 'n vrye keuse van standpunt en kandidaat word hierdeur drasties aan bande gelê, want sy vryheid word nou beperk tot 'n keuse tussen twee partye se standpunte en twee partye se kandidate.**

### KLUG

Vir die eerste keer in 100 jaar het die Britse kieser stringe gebreek en meer as 2,600,000 Britte het vir 'n derde party, nl. die Liberale Party gestem. Hierdie handelwyse het van die Britse Algemene Verkiesing 'n absolute klug gemaak!

En nou bepleit Churchill hervormings. Mnr. Attlee se regering het egter 'n kommissie van ondersoek en hervormings geweier.

**En tog . . . . na 'n hele paar eeue van selftevredenheid en ingenoemdheid met hul stelsel het eindelik 'n Brit — en nogal „the grand old man of Westminster"—die stoute skoene aangetrek om vanaf die vloer van die „mother of parliaments" 'n pleidooi vir verandering en hervorming te lewer. Dit sê baie. Moontlik sal voortaan in Suid-Afrika meer waarde geheg word aan pleidooie vir die hervorming van die Britse parlementêre stelsel wat 'n halfeeu gelede met pruik en roede en koukus en al hier ingevoer is.**

## Meen Jode Word Tans Gunstiger Behandel

Ter ondersteuning van die lofverklaring wat die voorsitter van die Suid-Afrikaanse Joodse Raad van Afgevaardigdes onlangs in Londen oor dr. D. F. Malan en sy regering uitgereik het, het 'n Jood met name Victor Michelson 'n brief in die Londense Jewish Chronicle geskryf waarin hy dr. E. Dönges aanprys.

Michelson verklaar dat hy redakteur was van Suid-Afrika se eerste sondagblad.

Hy skryf: „Dit was wyle J. H. Hofmeyr—met die instemming van genl. Smuts—wat die opvoedingstoets vir naturalisasie so streng gemaak het dat dit uiters moeilik was vir 'n Jood om 'n Unie-burger te word. Dr. Dönges het hierdie moeilike toets vergemaklik in die Burgerskapswet wat hy verlede jaar ingedien het."

Michelson skryf dat die Jode nie hul vriende en hul vyande moet aanwys volgens die openbare uitlatings van die betrokke persone nie, maar wel volgens hul dade.

(Vervolg van bladsy 2 kolom 5)

### ONDERSOEK EERS

**Voordat so 'n omvattende onderwysbeleid deur die staat aanvaar en daarmee die inskakeling van die naturel in die blanke landbou bestendig word, sou eers noukeurig op die voor- en nadele daarvan, vir sowel die landbou as die blanke bevolking as geheel, ingegaan moet word. Nóg die boer nóg die staat het oor hierdie vraagstukke wetenskaplike betroubare gegewens probeer insamel.**

Die beskikbare gegewens dui eerder daarop dat ons geen rede het om optimisties oor die uitslag van so 'n moontlike beleid te wees nie. Die tekort aan plaasarbeid kan maklik nog vererger terwyl die blanke landboubedryf met 'n swart proletariaat belas sal word. Die volksverhuising van blankes vanaf platteland na stad en van naturelle vanaf naturellena blanke gebiede kan ook voortduur totdat Suid-Afrika se landboubedryf gekenmerk sal wees deur 'n stelsel van grootgrondbesit waarin die blanke boer hoofsaaklik die rol van eienaar en kapitaalvoorsiener speel terwyl die bestuur en produksie 'n monopolie van die nieblankes sal wees. Toestande, soos dit in die Romeinse Ryk gedurende sy kwyntydperk bestaan het, kan dan ook by ons die reël word. **Onder sulke omstandighede sal daar nie veel sprake van 'n blanke bevolking of apartheid wees nie.**

(Word vervolg)

## STUUR HAAR OFFER

**Veldkte. mev. S. E. Stander van Barrington het £1 10s. aan die O.B.-hoofkwartier gestuur as 'n „vryheidsoffer", aangesien sy nie die geleentheid gehad het om 'n Vryheidsdagfunksie by te woon nie. Die geesdrif van hierdie lid behoort 'n aansporing te wees vir ander.**

## Meerderheid Vir Leopold

Verlede Sondag het 5,236,740 Belge na die stembus gegaan om te stem vir of teen die terugkeer van banneling-koning Leopold. Die uitslag van die stemmery was gunstig vir die koning. Daar het 2,933,382 persone vir sy terugkeer gestem terwyl 2,151,881 persone sy bannelingskap wou bekragtig.

Die meerderheid ten gunste van die koning was 57.68% en die minderheid teen hom 42.31%. Leopold het voor die verkiesing verklaar dat hy nie sal terugkeer indien hy minder as 55% van die stemme ontvang nie.

# „Volk Daarbuite" Het Gesidder Vir 'n Skyngeveg

**Die Britse parlement het sy eerste „krisis" verlede Donderdag belewe toe Sy Majesteit se Opposisie 'n voorstel van beswaar teen die afwesigheid van 'n verwysing na die nasionalisering van die staalbedryf in die troonrede ingedien het. As die voorstel aangeneem was, sou die regering moes bedank het.**

**Volgens persberigte het die opposisie hierdie plig van hom met vrese en bewing nagekom, want hulle meen dat hulle in 'n nog swakker posisie sou wees as die Arbeidersregering indien hulle die regering tot 'n val bring. „Hulle kan met hul ledetal die land nie regeer nie en daar kan 'n baie ongunstige reaksie wees teen 'n party wat die land so gou in nog 'n algemene verkiesing dompel," het dit gelui.** Die moeilikheid is natuurlik dat die „volk daarbuite" nie behoorlik ingelig is omtrent die moeilike taak van Sy Majesteit se Opposisie nie en dus sy sware pligte maklik vir moedswilligheid kan aansien.

Daar was egter niks om bevrees oor te wees nie. Elke party het sy swepe wat moet reël hoe daar gestem word, en die feit dat die uitslag van die verdeling 'n meerderheid van 14 vir die regering was in plaas van die te wagte 6 waaroor hy beskik, toon dat die Konserwatiewe Partyswepe hulle goed van hul taak gekwyt het. **Niemand kan Sy Majesteit se Opposisie van pligsversuim beskuldig nie, en die regering bestaan darem nog. Net die „volk daarbuite" het asem opgehou.**

Na berig word, was dit nietemin die grootste „verdeling" in die 120 jaar vandat die parlementêre verrigtinge aangeteken word. **Vir baie lede was daar geen plek nie, en hulle moes langs die Speaker op die grond sit terwyl selfs die Ministers agbare lede op hul skoot moes balanseer solank die tellery geduur het.**

DIE BOERE JEUG
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 15 MAART 1950

# Die Rol Van Die Kind In Ons Geskiedenis

**II. DIE KINDERS VAN DIE GROOT TREK**

Toe die Groot Trek begin het, het seun en dogter saam met hulle ouers opgepak. Saam het hulle die wilde vreemde binneland ingetrek—op soek na vryheid. Hulle geboortegrond, die heerlike speelplekkies op die pragtige ou plase moes hulle verlaat. Hulle het nie geweet wat alles vir hulle in die vreemde voorlê nie. Wel het hulle geweet dat hulle tussen barbare moes ingaan om daar vir hulle 'n nuwe tuiste, 'n vrye land, skoon te maak. Sal ons vandag soveel opoffer vir ons vryheid?

In die huise was die dogters net so besig as die moeders. Daar moes voorsiening gemaak word vir klere, kos en baie ander dinge, want hulle het nie geweet hoe lank hulle in die waens sal moet woon, voordat hulle intrek in 'n huis kan neem nie.

Op die plaaswerf moes die seuns help om die ou tentwaens, trekgoed en die vee bymekaar te kry. Saam moes seun en dogter die waens help oppak vir die trek.

Die seuns en dogters kon nie lekker op die wa gaan sit terwyl die trek aan die gang is nie. O nee, hulle moes elkeen hulle werkies doen. Die seuns moes sorg dat die vee water en wieding kry. Ook moes hulle die vee oppas en aanja terwyl die trek voortgaan na vryheid. Op hul beurt moes die dogters vir moeder help om die kos voor te berei of vir baba oppas. Dit het selfs gebeur dat die dogters die tou moes neem en as touleier help. So het dit eenmaal gebeur dat die jong wat as touleier vir Kommandant-generaal Pretorius moes werk, een nag weggeloop het. Dadelik was sy dogtertjie gereed, sy was maar twaalf jaar oud, en sê: „Pappie ek sal die tou vat."

Generaal Pretorius kon nie wag nie, want die tyd was nie volop nie. Die ou dogtertjie moes toe maar die tou neem. Dit was nie so maklik as wat ons dink nie. Die pad het oor berge en bosse en klippe gegaan en sy moes vir dae so aanhou. Een dag het die voorste osse kwaai geword en het een van hulle vir haar dwarsdeur haar arm gestoot. Sy moes toe lank wag voordat sy weer kon help.

Daar was ook die gevaar van wilde diere, want in daardie dae was daar nog volop leeus en tiere. Gedurende die donker nagte was daar ook maar dikwels aanvalle van die wilde barbare. Die gevaar om doodgemaak of aangeval te word deur die kaffers en wilde roofdiere was ook baie groot.

Die trek oor die Drakensberge was baie moeilik. Daar was in daardie dae nog glad geen paaie nie. Op sommige plekke moes die seuns en die mans beur om die waens regop te hou met lang toue. Die vroue en dogters kon op sulke lelike plekke nie op die waens ry nie. Oor die hoë Drakensberge moes hulle dikwels lang afstande te voet aflê. By sulke geleenthede moes die dogters help om die babas en siekes te help dra.

'n Sekere mnr. Lourens de Klerk wat die trek meegemaak het, vertel as volg oor die trek oor die Drakensberge: „Met die aftrek van die berg is vier of vyf waens verpletter teen die rotse, met alles wat daarop was. In die meeste gevalle is daar net twee agterosse voor die waens gespan, wanneer hulle die berge afgaan. Aan weerskante moes rieme vasgemaak word waaraan die mans moes vashou om te verhoed dat die waens omval; twee wiele word met remskoene gerem, terwyl die katels en beddegoed binnekant stewig vasgemaak word, om te verhoed dat dit afval.

Die predikant van die Voortrekkers was Erasmus Smit. Hy het 'n wonderlike gebeurtenis in sy dagboek opgeteken. Dit staan by die datum 16 Januarie 1837. Daar was 'n jong kind van 6 jaar oud. Hy was die seun van Petrus Potgieter. Op die genoemde dag het die kinders by 'n rivierspruit gespeel. Die riete het welig langs die walle van die spruit gegroei. Naderhand het die Potgieter-seun met 'n riet in die water geslaan. Hy roep toe uit: „So slaan my pa nou onder die Kaffers." Op daardie selfde dag het die Boere slaags geraak met die Kaffers en sy Pa het werklik so geslaan onder die Kaffers.

Dikwels moes die kinders aankyk hoedat hulle vaders of moeders gruwelik vermoor of vermink word. By ander geleenthede moes ouers weer sien hoedat hulle seuns en dogters wreed deur die Kaffers doodgemaak word. Dit het ook gebeur dat die klein babas en kindertjies aan die voete gegryp word en teen die wa-wiele doodgeslaan word.

Daar was nie onderwysers saam op die trek nie en die ouers moes maar self die kinders leer lees en skryf. Die boeke waaruit hulle moes leer was „Trap der Jeugd" en dikwels ook Die Bybel. Die ouers het gesorg dat die kinders Die Bybel goed ken. Elke aand en oggend was daar huisgodsdiens gehou en almal moes saam Psalms en Gesange sing. Die enigste eksamen was destyds die katkisasie. Dit staan vandag nog bekend as die Boerematriek.

So het die seuns en dogters van die Voortrekkers gehelp om die lig van die beskawing diep in donker Suid-Afrika te dra. Vandag kan ons geniet wat hulle vir ons gekoop het met hulle bloed.

(Aanstaande week lees ons van Piet Retief se elfjarige seuntjie en sy drie maats).

# OFFISIER, WAT IS U PLIG?

(Slot)

'n Offisier se laaste plig is teenoor homself. Plig stel sy eise aan liggaam sowel as gees. Daarom moet 'n offisier gesond wees. Om dit te verkry, moet hy 'n skoon lewe lei. Slegte gewoontes en gedagtes wat die liggaam en die gees verswak, moet vermy word. Onthou offisiere u liggaam behoort nie meer aan u nie, maar wel aan u volk.

Hoe meer 'n mens leer, des te meer besef jy hoe min jy werklik weet. Streef hoër en probeer uself bekwaam vir die taak wat op u skouers rus. Die vernaamste wyse waarop 'n kind leer is deur vrae te vra. U moet u bekwaam om die vertroue van die vraertjie te wen en u sal dit seer sekerlik nie regkry as u die vertroue wat die kind in u antwoord stel, skok nie.

Indien u moed u in 'n oomblik van swakheid begewe, dink terug aan u voorvaders. Die beste en edelste bloed vloei deur u are; hulle het groot en dapper dade gedoen. U, hulle nasate, durf daardie bloed nie verloën nie.

**Gesondheid, bekwaamheid, moed—u pligte teenoor uself as offisier en trou, trou teenoor u ondergeskiktes, u meerderes, uself en die uitlewing van die laaste twee reëls van die Volkslied:**

**Ons sal antwoord op jou roepstem, ons sal offer wat jy vra,**
**Ons sal lewe, ons sal sterwe, ons vir jou Suid-Afrika.**

# VERJAARDAG-KETTING

**MAART**

15 Christino Botha, Stellenbosch. Gabriel Luttig, Paarl. Wilma du Plessis, Paarl.

16 Stephanus Kuhn, Robertson. Kosie Loubser, Malmesbury. Salomina Janse van Rensburg, Kakamas.

17 Fanie Niemand, Oudtshoorn.

18 Mavis Jooste, Loxton. Annemarie Winkler, Paarl.

19 Christina du Toit, Middelburg, Tvl.

20 Estelle Grobbelaar, Fauresmith. Sakkie Burger, Brandvlei.

21 Jacobus Kriek, Frankfort. Johanna du Plessis, Paarl. D. Campher, Oudtshoorn.

22 Elize Strauss, Upington. Martha Smit, Bosbokrand. Joseph Stephens, Zeerust.

# Boerejeug Van Montagu Dra Die Fakkels

Die aand van die 4de Maart was die Boerejeug van Montagu op die plaas van hf. kommandant Joubert om deel te neem aan die Vryheidsdagviering aldaar.

Toe die grootmense begin opdaag, was die vuurstapel reeds gepak en die fakkels was gereed om aangesteek te word.

Na 'n besielende toespraak deur generaal Rabie van Worcester, wat spesiaal vir die geleentheid oorgekom het, het die Boerejeug aangekom met hulle brandende fakkels. Dit was 'n skouspelagtige gesig.

Terwyl die vonke skietend die lug ingetrek het, het die Boerejeug, wat 'n kring om die vuur gevorm het, in stille bepeinsing die hoop op die toekoms gevestig, wanneer die vlam onblusbaar in elke Afrikaner se hart sal brand, totdat ons ideaal van 'n vrye onafhanklike Republiek, verwesenlik sal wees.

Nadat die seremoniële deel van die program afgehandel was, was die Boereseuns weer gou by om die kole oop te krap en aanstons het die geur van braaiende vleis die lug gevul. Dit het ook nie lank geduur nie of elkeen van die aanwesiges kon heerlik smul aan gebraaide wors of vleis. So het die genotvolle aand glad te gou verbygegaan en kon elkeen terug keer huis-toe met 'n nuwe besieling in sy hart.

(Ingestuur deur veldknt. Rousseau, Montagu).

# Stadsbestuur Moet Hervorm Word

'n Pleidooi vir die hervorming van die hele stelsel van plaaslike bestuur is verlede week gelewer in Pretoria op die konferensie van die Instituut van Munisipale Tesouriers en Rekenmeesters van Suid-Afrika deur dr. I. Q. Holmes, staatstesourier van Johannesburg. Dr. Holmes verlang dat 'n kommissie benoem word om die hele saak te ondersoek, en voorts bepleit hy die daarstelling van 'n ministerie van plaaslike bestuur. Sy standpunt is dat daar 'n verbasende gebrek aan eenvormigheid bestaan ten aansien van wetgewing wat betrekking het op plaaslike bestuur, en dat die betrekkinge tussen plaaslike besture en die beherende owerhede vatbaar is vir heelwat verbetering. Voorts meen dr. Holmes dat die wetgewing nie groot stede soos Johannesburg en Kaapstad oor dieselfde kam moet skeer as klein dorpies op die platteland nie.




**Wonings in die Verskiet**

Die weg na daardie woning is heel duidelik, en niks langer as wat u dit maak nie. Arbeidsaamheid, geduld, spaarsaamheid is die hoofvereistes. En Saambou sal u help. Hierdie Afrikaanse Bouvereniging het ook klein begin en hard gewerk. Geleenthede word aangebied vir veilige en voordelige beleggings. Begin nou, al is die beleggings klein. Moontlik is u binne enkele jare die trotse eienaar van daardie woning in die verskiet.

**£7/10/0 per maand word £375 in minder as 4 jaar:**

Stortings van £7 10s. 0d. per maand beloop £352 10s. 0d. in drie jaar en elf maande, waarop u minstens £22 10s. 0d. rente verdien teen die huidige rentekoers van Subskripsie-aandele. Met £375 0s. 0d. kan u reeds vir u 'n erf koop. Nog net 'n klein bietjie spaar en Saambou sal u help om die woning van u drome daar op te rig. Skryf om ons boekie „Belê veilig en voordelig," en doen ook navraag oor die skepping van 'n studiefonds vir u seun of dogter.

SAAMBOU
(PERMANENTE)
BOUVERENIGING

Posbus 4180, Telefoon 2-8055, Kaapstad; Transvalia-gebou 240, Telefoon 2-2588, Pretoria. Verteenwoordigers in alle vername dorpe.

BATE OORSKRY .. .. £1,600,000

# Poging Tot Uitligting Word Nou Al Self Partypolitiek

**Die O.B. het al tevore daarop gewys hoe moeilik dit is om die kleurvraagstuk uit die partypolitiek te lig ondanks die verklaarde begeerte van voormanne in alle partye om dit te doen. Ons het gesê dat dit 'n onmoontlikheid is solank die voorstelle tot samewerking binne die partypolitieke arena gedoen word, soos o.a. dié van dr. Malan en mnr. Havenga en by geleentheid ook genl. Smuts. In die jongste tyd het verskeie Verenigde Party-manne dieselfde begeerte uitgespreek, maar ook nog vanaf die openbare verhoog. Sulke partypolitieke uitlatings bring die oplossing van die vraagstuk niks nader nie, maar verwek op sy beurt net groter twis — twis omdat die ander dan weier om die vraagstuk uit te lig.**

## Getwis Oor Pleidooie Vir Saamwerk

Die jongste voorbeeld van hoe onmoontlik dit is om die inligting van die vraagstuk uit die partypolitiek binne die party-arena te bewerkstellig, vind ons na aanleiding van die Verenigde Party-L.V., sir De Villiers Graaff, wat in Oos-Londen 'n paar weke ook gepleit het dat die kleurkwessie gesamentlik gehanteer moet word. **Hy het gesê dat daar heelwat punte van ooreenkoms tussen die partye is, soos bv. afsonderlike woonbuurtes en die ontwikkeling van die naturellegebiede, en dit is daarom raadsaam dat die beleid van apartheid punt vir punt bestudeer moet word om te kyk in hoever daar saamgewerk kan word.**

### KEUR GOED

Hierdie uitlating het die Cape Argus se goedkeuring ontlok, wat in 'n hoofartikel op 25 Februarie geskryf het:

„Baie mense in Suid-Afrika wat onrustig is oor die verslegting van die rasseverhoudings, sal sir De Villiers Graaff se moed toejuig waar hy gister in 'n toespraak te Oos-Londen gepleit het vir die uitligting van die naturellevraagstuk uit die partypolitieke arena. **Hierdie realistiese lid van die parlement het presies gesê wat in baie soberdenkende mense in Suid-Afrika se gedagtes omgaan.** Sonder twyfel sal hy sommige beroepspolitici vies maak wat daarvan hou om die politieke hond met bene van tevredenheid te voed dikwels in stryd met landsbelang. **Maar die waarheid is dat die naturellebeleide van die twee hoofpartye inderwerklikheid nie sover van mekaar verwyder is dat die twee nie kan ontmoet nie . . . .** Dit is moontlik dat 'n poging om die vraagstuk op 'n nie-partygrondslag op te los, sal misluk, maar dit is die moeite werd om te probeer. Dit is onsinnig om die reddingsboot oorboord te smyt omdat hy dalk kan lek."

### SIEN VEDEELDHEID

Op hierdie hoofartikel en die wenk van sir De Villiers Graaff het Die Burger, as regeringsorgaan, dadelik geantwoord met 'n hoofartikel waarin hy die opposisie verwyt dat hy vorige voorstelle tot samewerking verwerp het, en dan meen die blad 'n kraak in die Verenigde Party te sien omdat sommige lede vir samewerking pleit, terwyl die hoofleiding dr. Malan se voorstel verlede jaar verwerp het. **„Is dit so? Is daar 'n seksie van die Verenigde Party wat bereid is om saam met die Regering in te gaan op die toepassing van die apartheidsbeginsels? Die toespraak van sir De Villiers Graaff, L.V., in Oos-Londen verwek die vermoede.** Maar is die lid van Hottentots-Holland, en diegene wat soos hy voel, in staat om die onverbiddelike en ongekwalifiseerde teenstand teen apartheid binne die Verenigde Party te oorwin? **Die land sal hul stryd met belangstelling en aanmoediging dophou. Alleen dade sal oortuig. . . ."**

### TREE TERUG

'n Politieke party is nie met dieselfde gelatenheid as 'n geitjie ten opsigte van sy eenheid bedeeld nie. **Vir min dinge is 'n party so gevoelig as die suggestie dat hy verdeeld is, vandaar dat twee swepe in elke party aangehou word wat moet sorg dat die skyn van eenheid na buite bewaar moet word deur onder meer toesprake te reguleer. Dit was dus voor die handliggend dat Die Burger se ontdekking van verdeeldheid binne die Verenigde Party onmiddellike reaksie sou uitlok—'n reaksie wat geensins bevorderlik vir gesamentlike optrede is nie.** Die Argus kom dus die volgende dag met 'n hoofartikel waarin hy net maar weer die ou stryd herbeklemtoon:

„In sy kommentaar vra Die Burger of daar 'n verandering in die geledere van die Verenigde Party ingetree het en of daar 'n deel in die Verenigde Party is wat bereid is om saam met die regering in te gaan op die toepassing van die beginsel van apartheid. **Die antwoord op albei hierdie vrae is nee."**

**Hierop het Die Burger triomfantlik uitgeroep dat die blad die „moedige" lid van Hottentots-Holland repudieer en terugkeer tot die ou „Sap-standpunt" dat apartheid 'n vloek en bedrog is nadat hy sy pleidooi eers goedgekeur het.**

### ONMOONTLIK

En so het nog 'n bedryf in die partypolitieke pogings om die kleurvraagstuk „uit die party-arena te lig", verbygegaan.

**Dit behoort tog duidelik te wees dat waar die kleurvraagstuk deur die twee partye gebruik word as ammunisie om mekaar te beveg, elke party die ander se vrome praatjies oor uitligting van die vraagstuk uit die party-arena as 'n partypolitieke set bejeën, wetende dat die volk so 'n optrede sterk begeer. Partye het die oog altyd op die begeerte van die volk—daarvolgens formuleer hulle hul „programme". Waar albei partye dus bewus is van die begeerte van die volk om die kleurvraagstuk uit die partypolitiek te kry, het die blote voorstel om dit te doen, ook al 'n partypolitieke winsmakery geword en die partye weet dit—vandaar die wantroue teen saamwerk-uitlatings.**

**Die volk sal uiteindelik sake in eie hande moet neem, as hy die vraagstuk wat deur die partye oor die vloer van die „arena" deurgesleep word, uit die arena gelig wil kry.**

---

(Vervolg van bladsy 1 kolom 3)

burg verwyder gaan word, maar sonder 'n verwydering van die Russiese diplomate uit ons midde en 'n deeglike verbod op die Kommunistiese organisasies sal die groot Bantoe-stad suid van Johannesburg, wat nou beplan word, slegs 'n honderdvoudige herhaling van Newclare word. Ook daardie stad sal dan verskuif moet word en die proses sal voortgaan totdat naderhand die laaste witkolle in Suid-Afrika verskuif sal moet word na Amerika of Europa.

---

## Wil Blankes Hê

Die Noord-Rhodesiese leier van die verkose lede van die Wetgewende Raad, mnr. Roy Welensky, het verlede week in 'n onderhoud gesê dat dit hul beleid is om 'n stroom blanke immigrante na die gebied te lok. Die blanke bevolking moet uitgebrei word om die groot leë ruimtes te bewoon. Die blanke se beleid is om met die naturel in 'n vennootskap saam te werk waarin eersgenoemde die leidende rol neem.

# BRITSE RYK OOR SERETSE GAANDE

**Patrick Gordon-Walker, Britse minister van Statebondsbetrekkinge, het verlede Donderdag in die Laerhuis aangekondig dat sy regering besluit het om Seretse Khama, aangewese opperhoof van die Bamangwatostam, vyf jaar lank nie as opperhoof van die stam te erken nie. Aan die einde van die tydperk sal die posisie in hersiening geneem word. Gedurende hierdie tydperk moet Seretse buitekant Betsjoeanaland woon. Hy sal egter 'n toereikende toelaag ontvang (glo £1,100 per jaar).**

Dit sal ook van Tshekedi Khama, die banneling se oom, verwag word om buitekant die reservaat te woon.

Seretse sal nie welkom wees in Suid-Afrika nie; ook nie in Suid-Rhodesië nie; en volgens mnr. Roy Welensky, leier van die verkose lede in die Wetgewende Raad, ook nie in Noord-Rhodesië nie.

Seretse berus glad nie in die besluit van die Britse regering nie. Hy het in persverklarings sy bittere teleurstelling en ontevredenheid uitgespreek; ook op openbare protesvergaderings in London; en hy het reeds gedreig om sy saak na 'n Britse hof of na die V.V.O. te neem. In die tussentyd vertoef sy blanke vrou, die voormalige Ruth Williams, nog in Serowe, hoofstad van die Bamangwato, en ontken sy enige voorneme om die protektoraat te verlaat.

### PROPAGANDA

Te oordeel na die koerantberigte en die ruimte wat Engelse en buitelandse blaaie aan die saak afstaan het die Seretse-affêre 'n hele stormpie veroorsaak. Die Kommuniste en hul genote gryp die geleentheid aan om propaganda te maak vir die verlening van volle en gelyke politieke regte aan die lede van alle inboorlingstamme en vir die afskaffing van die kleurskeidslyn.

Verantwoordelike kritiek lui dat die Britse regering te lank gesloer het om op te tree: toe Sertse in stryd met die stamgebruik en in stryd met die besluit van die Kgotla (die volksvergadering van die Bamangwato) tog 'n wit vrou getrou het, moes die Britse regering hom onmiddellik meegedeel het dat hy sy reg op die opperhoofskap verbeur het. Selfs vandag nog het die Britse woordvoerders geen rede vir die regering se stap aangevoer nie; behalwe om te ontken dat die kwessie van die gemengde huwelik een van die motiewe vir die regering se besluit was.

Nogtans word allerweë in Suid-Afrika sowel as in ander blanke samelewings in Afrika gevoel dat die Britse regering eindelik korrek besluit het.

# Diskriminasie Deur Israel Teen Swart Jode

**Die Joodse regering van die staat Israel pas ook die apartheidsbeleid toe ten aansien van Joodse immigrante. Luidens 'n berig in die Jewish Herald het Itzchak Raphael, hoof van die Immigrasie-departement in Tel-Aviv, aangekondig dat die Falasjas nie toegelaat sal word om hulle in Palestina te vestig nie.**

Die Falasjas is 'n baie ou Joodse stam wat al ver meer as 2,000 jaar in Abessinië—die land van die Koningin van Skeba woonagtig is. Hulle word in die omgang genoem: die Abessiniese Jode of die Swart Jode.

Die woord Falasja beteken „gevestigde vreemdeling". Met verloop van jare het die Abessiniese Jode die kleur van die Abessiniërs aangeneem — vandaar die naam Swart Jode.

**Die regering van Israel verwelkom Jode uit alle dele van die wêreld as immigrante na Palestina. Die Swart Jode word egter uitgesluit.**

Sommige Joodse leiers het die regering skerp aangeval oor hierdie diskriminasie teen die Swart Jode. Hulle standpunt is dat die Swart Jode 'n onafskeidbare deel van die Joodse volk is en as sodanig geregtig is om hulle in Palestina te vestig.

# Afrika-Eenheid Is Deel Van Ons Vryheidsbeleid

**Die Caledonse kommando het verlede Saterdagaand op die plaas Hammansdal van komdt. en mev. Faan Delport 'n geslaagde Vryheidsdagfunksie gevier. Die verrigtinge is gelei deur hoofkomdt. J. J. (Kootjie) Viljoen. Ten aanvang het die Boerejeugdogters en -seuns onder leiding van veldkte. Fouché die republikeinse vlag gehys. Nadat genl. Bertus van Rooy, 'n besoekende offisier uit Kaapstad, met skriflesing en gebed voorgegaan het, het hy 'n kort oorsig gegee van die gebeurtenisse wat gelei het tot die oorwinnaarslag van Amajuba en voorts het hy die betekenis geskets van Vryheidsdag wat jaarliks deur die O.B. gevier word.**

Daarna het die dogters en seuns van die Boerejeug, in gelid, en elk met 'n brandende fakkel, opmarsjeer na hoofkomdt. Viljoen; 'n brandende fakkel aan hom oorhandig; en agter hom aan, deur twee rye opgestelde wagte, na die vuurstapel beweeg. Hoofkomdt. Viljoen het die vuur aangesteek en die Boerejeug met hul brandende fakkels het in 'n kring om die vuur gestaan.

Die aanwesiges het deur die twee rye wagte na die vuur beweeg en elkeen het 'n stukkie hout op die vuur gegooi. Hoofkomdt. Viljoen het die plegtige stilte verbreek deur te verwys na die betekenis van die geleentheid. „Elke Afrikaner wat sy of haar stukkie hout op die vuur gegooi het, het opnuut trou gesweer aan die Republiek en opnuut onderneem om ononderbroke te veg vir die verkryging van daardie republiek", het hy gesê.

### TOESPRAAK

Nadat die aanwesiges elkeen 'n bedraggie in die Republikeinse kissie gestort het, het hulle beweeg na die ruim stoep van komdt. Delport se plaaswoning, waar mnr. N. G. S. van der Walt, redakteur van Die O.B., 'n toespraak gelewer het.

Mnr. Van der Walt het 'n pleidooi gelewer vir intieme samewerking tussen al die state en gebiede in Afrika wat belang het by die beveiliging van die blanke gemeenskappe op die vasteland. Sodanige Al-Afrikaanse saamwerkblok kan 'n magtige bydrae lewer tot die stryd van die Westerse volke teen die kommunistiese bedreiging uit die Ooste. **Spr. het gesê dat Suid-Afrika se natuurlike vennote eerder sy Afrikaanse buurstate is, as die vergeleë „suster"-state van die Britse Statebond. Die Republiek van Suid-Afrika moet tot stand kom en moet die leiding neem ten aansien van die vereniging van die blanke gemeenskappe in Afrika, het hy betoog.**

### PARTYSTELSEL

Spreker het voorts gepleit vir die afskaffing van die Britse partypolitieke stelsel, wat hy 'n „spel" genoem het — „the game of politics" — en vir die heraanvaarding van die beproefde republikeinse stelsel van volksregering en presidentsgesag.

Ten slotte het mnr. Van der Walt beklemtoon dat die Ossewabrandwag steeds bereid bly om te veg vir die republikeinse ideale van die Afrikanervolk, in samewerking met ander Afrikaanse organisasies en partye. **Wanneer sodanige geleentheid egter nie gebied word nie, sal die O.B. noodgedwonge dog pligsgetrou, selfstandig voortveg vir daardie ideale en beginsels wat vir die Afrikanervolk heilig en onontbeerlik is.**

Genl. W. R. Laubscher het die slotwoord uitgespreek. Hy het die sprekers bedank vir hul frisse en bemoedigende toesprake en die aanwesiges vir hul opkoms want hulle teenwoordigheid bewys dat die Afrikaners van Caledon nog steeds trou is aan die suiwer republikeinse ideaal van ons volk. Hy het spesiale waardering uitgespreek teenoor die Boerejeug vir hul bydrae en aan die vroue, vir die heerlike geregte wat hulle verskaf en bedien het, en aan die gasheer en -vrou vir die gebruik van hul werf en huis.

Met die sing van Die Stem is die verrigtinge afgesluit. — (Spes. Korr.)

---

**„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.**